Hoofstuk: 2VD Paragraaf: 2.		Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Dit was nie die doel van die dood van Christus om die nuwe verbond van die genade werklik deur sy bloed te bevestig nie. Dit was alleen maar om vir die Vader eenvoudig die reg te verwerf om opnuut met die mense 'n verbond van die genade of van die werke, net soos Hy wil, te kan sluit.				
Die Sinode leer: Dit is immers in stryd met die Skrif wat leer dat Christus Borg en Middelaar geword het van 'n beter, dit wil sê, van die nuwe verbond en	1	Hebreërs 7:22	... in sover het Jesus van ’n beter verbond borg geword.	So het Jesus ook van ‘n beter verbond borg geword.
dat 'n testament eers by 'n sterfgeval geldig is.	2	Hebreërs 9:15 – 17	En daarom is Hy Middelaar van ’n nuwe testament, sodat, terwyl daar ’n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang. Want waar ’n testament is, moet noodsaaklik die dood van die testamentmaker aangekondig word; want ’n testament is geldig by sterfgevalle, aangesien dit nooit van krag is so lank as die testamentmaker nog leef nie.	Daarom is Hy ook die Middelaar van ‘n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang. Dit is soos met ‘n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is, want ‘n testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie.